RAMP OPNAME VORM
(Hierdie is **NIE** 'n eisvorm **NIE**)
This form is also available in English.

Wes-Kaapse Departement van Landbou
RAMP OPNAME VORM

- Een vorm per geregistreerde eienaar (dit moet alle plase in die RSA insluit).
- Voltooi al die relevante inligting. Hierdie vorm bestaan uit 22 bladsye.
- Indien u meer spasie benodig om u skade te lys: skryf asseblief op A4 papier en merk die bladsynommer(s) duidelik (in die onderste regterkantste hoek). Heg dan hierdie bladsy by die vorm aan. Daar is plek op bladsy 22 waar u kan aandui of daar enige bykomende inligting aangeheg is.
- Hierdie vorm kan ook rug-teen-rug voltooi word.
- Bladsye 1 tot 9 is nie nodig om terug te stuur nie.
- Registrasie op die "Central Supplier Database for Government" (CSD) is verpligtend vir enige subsidie wat betaal moet word.
- Die "Bank Entity Form" (Badsy 17) en "Supplier Registration Form" (Bladsy18) moet slegs voltooi word indien u as 'n verskaffer of karweier van voer wil registreer of as fondse aan u uitbetaal gaan word.
- Bladsye 19 en 20 word net voltooi indien van toepassing.
- U aansoek moet volledig voltooi word as u wil kwalifiseer vir hulp, indien beskikbaar.
- As eienaar van landbou gronde in die RSA moet u uself vergewis van alle toepaslike wetgewing.

AFDELING A : PROSEDURE EN REGISTRASIE VAN AANSOEKER

PROSEDURE WAT GEVOLG WORD MET DROOGTE OPNAME VORMS

- Droogte opname vorms moet **deeglik deurgelees** word, om presies vas te stel wat van die aansoeker verwag word. Indien 'n persoon oor meer as een eiendom beskik, hetsy aangrensend al dan nie, moet slegs een opname vorm voltooi word vir al sy eiendomme. As die eiendomme in 'n maatskappy, geslote kooperasie, trust, persoon, ens. gekoppel is, moet alle relevante dokumentasie met elke aansoeker se identifikasie besonderhede beskikbaar gestel word. Slegs een subsidies vir al die eiendomme sal dan geld. Alle eiendomme in die RSA moet volledig op opnamevorm invul word.

- Elke ramp wat plaasvind word beskou as 'n afsonderlike gebeurtenis en vereis 'n aparte skade opname vorm.

- Neem asseblief kennis dat die blote voltooiing van 'n opname vorm **NIE** in enige manier impliseer dat fondse vir die aansoeker se skade toegeken sal word **NIE.** Hierdie vorm dien bloot om die omvang van die skade te bepaal.

- Opname vorms is op aanvraag verkrygbaar by al u onderskeie distriks- en plaaslike Departement van Landbou kantore, Agri Wes-Kaap (AWK), die African Farmers Association of South Africa (Afasa) en die United South African Agricultural Association (USAAA). Voornemende aansoekers vir ramphulp is self verantwoordelik vir die afhaal van bg. opname vorms by die gemelde kantore.

- Alle skades (versekerbare en/of onversekerbare skades) waarvoor die Departement in die verlede mee hulp verleen het sowel as die skades waarvoor daar nie hulp verleen was nie moet aangebring word op die opname vorm. Die rede daarvoor is dat die totale omvang van die insident bepaal moet word.

- **Oorspronklike voltooide ramp opname vorms** moet so spoedig moontlik en verkieslik nie later as **twee (2) weke na 'n insident** terugbesorg word aan die persoon/kantoor by wie die vorm verkry is. Hierdie betrokke persoon/amptenare sal sorg dat die dokumentasie die Departement te Elsenburg bereik.

- Die ligging van talle plaas gemeenskappe beteken dat vereiste dokumente, soos die belastingklaringsertifikaat, langer as twee (2) weke kan neem om te bekom. Die Departement dra kennis hiervan en enige vertraging moet so gou moontlik aangedui word op hierdie skade opname vorm (bladsy 22).

- Hierdie inligting word opgeneem in 'n databasis waarvan 'n verslag opgestel word vir voorlegging aan die betrokke staatsdiens owerhede: die Wes-Kaapse Provinsiale Rampbestuursentrum (WCDMC) en/of Provinsiale Tesourie. 'n Gebrek aan volledig voltooide skade opname vorms beteken dat die verslag *nie* saamgestel kan word nie en/of dat die aansoeker nie sal kwalifiseer vir moontlike finansiële bystand nie.

- Aanbevelings om die gebied as rampgebied te verklaar moet deur die Plaaslike Munisipaliteit via die Distriksmunisipaliteit voorgelê word aan die WCDMC (sien Rampbestuur Wet 2002, Wet Nommer 57 van 2002 – Hoofstuk 5 seksie 54 en 55).

- Indien die gebied wel tot rampgebied verklaar is, word aansoek gedoen by die Nasionale Departement van Landbou (DAFF), die Nasionale Rampbestuursentrum (NDMC) en Nasionale Tesourie wat die aangeleentheid verder opvolg met die betrokke departement(e)/ instansie(s) vir fonds toekenning.

- Indien fondse bewillig word, mag dit wees dat slegs sekere tipe skadevergoeding befonds word en dat befondsing beperk is. Dit sal dan die taak van die Provinsiale Departement van Landbou wees om te prioritiseer watter grondeienaars se skadevergoeding eise uitbetaal word. In so 'n geval sal spesifieke grondeienaars, binne wetgewende perke, vergoed word wanneer herstelwerk voltooi is en bewyse daarvan ingedien is. Dit kan ook die geval wees dat die meeste aansoekers indirek voordeel kan trek soos byvoorbeeld wanneer rivierbeskermingswerke opgerig word.

- Heg asb 'n afskrif van die nodige gedeeltes van die transportakte(s) met die beskrywing van die plaas(e) aan. Dui aan die oppervlakte(s) en gewas(se) van droë – en besproeiings landerye. **Hierdie inligting is verpligtend**.

- **Semi-staatsdiens of Staatsdiens werknemer kwalifiseer nie vir bystand nie.**

Laaste datum vir inlewering by plaaslike Wes-Kaapse Landbou kantoor is: .....

AFDELING B: DIE DROOGTE HULPSKEMA

TYDPERK VAN DIE SKEMA

Die oorbrugging van seisoendroogtes, wat inherent is aan die omgewing van die verklaarde droogte gebied, is die bestuursverantwoordelikheid van die grondeienaar of - gebruiker. Maatreëls moet geneem word teen hierdie droogtes en geïntegreer word as deel van bewaringsboerdery bestuurspraktyke. Daar word ook van alle veeboere verwag om selfversorgend te wees met die aanvang fase van rampdroogtes.

Die Minister van Landbou het die reg om te besluit of individuele aansoekers kwalifiseer vir deelname aan die skema al dan nie. Dit beteken dat wanneer jou situasie verbeter met behulp van die droogte hulpskema, verdere hulp geweier kan word.

Die droogte hulpskema begin/strek vanaf u eerste bestelling wat geplaas word, nadat u geregistreer is.

VERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE GRONDEIENAAR en/of –GEBRUIKER

1. U sal voorsien word van 'n Koopbrief wat ingelewer moet word by 'n diensverskaffer as bewys dat die Departement onderneem om die subsidie bedrag, daarop aangedui, direk in die diensverskaffer se rekening sal betaal.

2. Verder is die geregistreerde eiser self verantwoordelik om alle maandelikse dokumentasie en fakture van die diensverskaffer(s) te bekom en dit in te lewer by die plaaslike distrik/streekskantoor van die Departement.

Indien die eisvorm deur die geregistreerde eiser volledig ingevul is, kan die betrokke dokumentêre bewyse by die KOOPBRIEF aangeheg word sodat dit ingedien kan word by die streek of distrikskantoor vir kontrole en aanbeveling vir uitbetaling.

Betalings is onderhewe aan die beskikbaarheid van fondse. As daar geen fondse beskikbaar is nie en jy kwalifiseer kan jy moontlik geen finansiële hulp ontvang nie.

VERANTWOORDELIKHEDE VAN VERSPREIDERS EN/OF EISERS

Enige verspreider van voer wat vir BTW geregistreer is en 'n oorspronklike Belastingklaring-sertifikaat besit, kan as diensverskaffer registreer. Dit behels: die voltooiing van die vorms op bl.17 en 18; en registrasie op die "Central Supplier Database for Government" (CSD).

1. DOEL VAN 'n DROOGTE HULPSKEMA

Om finansiële ondersteuning te bied aan veeboere tot die rampdroogte, in die verklaarde rampdroogte gebiede, oorbrug kan word. **EENHEDE WAAR OORBEWEIDING BEOEFEN WORD, ONTVANG GEEN HULP NIE.**

2. HULPMAATREËLS ONDER DIE DROOGTE HULPSKEMA

2.1 RABAT OP VEEVOER

Hierdie hulpmaatreëls geld vanaf jy jou eerste bestelling geplaas het, tot nadat jy geregistreer het. Hulp word op 'n glyskaal vir die grondeienaars, wie se registrasies goedgekeur is, toegeken.

Ondersteuning sal afhang van die Groot Vee Eenheid (GVE) waarmee daar geboer word en die rabat sal as volg toegeken word:

GROOT VEE EENHEDE	% VAN AFSLAG
30 en minder GVE	90%
31-50 GVE	80%
> 50 GVE	70%

Die maksimum staatsbydrae en aantal GVE waarop rabat betaal sal word, sal aan u bekend gemaak word wanneer die koopbrief uitgereik word.

2.2 RABAT OP DIE VERVOER VAN VEEVOER

'n Rabat van **90%, 80%** of **70%** sal betaal word vir die voer en vervoer van goedgekeurde veevoer en lekke aan aanvaarbare karweiers. Die korting word betaal vir die koste van die naaste diensverskaffer, waar die aansoeker die voer kan aankoop, tot by die naaste verspreidingspunt/plaas en terug. Ten einde vir die rabat te kwalifiseer moet fakture/ bewyse van die vervoerkoste en dié van veevoer die maandeliks eise vergesel.

Let Wel: Geen rabat word op die vervoerkoste van vee uitbetaal nie.Gebruik van u eie persoonlike vervoer word nie gesubsidieer nie!

2.3 RABAT OP VEEVOERKOSTE

'n Korting van **90%, 80%** of **70%** van veevoerkoste vir die onderhoud van vee word ingereken. Die regeringsbydra sal bereken word op die **maksimum toelaatbare GVE** op 'n plaas-eenheid per ID-aansoeker. Dit sal bekendgemaak word in die koopbrief.

1 GVE = 6 Klein Vee Eenhede (KVE)

Uitbetalings is onderhewig aan die beskikbaarheid van regeringsfondse. Die Minister van Landbou kan die tarief per GVE van tyd tot tyd bekend maak.

3. HULP VIR DIE WATERBEHOEFTES VAN MENSE EN DIERE

Slegs dié grondeienaars wat geregistreer is vir droogtehulp sal kwalifiseer vir hulp. Voorkeur sal gegee word aan diegene wat in die grootste nood verkeer. Daar word van elke aansoeker verwag om te voldoen aan die voorgeskrewe prosedures.

4. PROSEDURES VAN DIE DROOGTE HULPSKEMA

4.1 INLEWERING

Ramp Opnamevorms is beskikbaar by die betrokke streek/distrikskantore en die oorspronklike voltooide vorms moet terugbesorg word aan die streek/distrikskantoor.
Geen fakse of e-pos korrespondensie sal aanvaar word nie.

4.2 REGISTRASIE DATUM

Registrasie is vrywillig en geen sperdatums is van toepassing nie. Daarom is dit elke grondeienaar se keuse wanneer hy/sy wil registreer.

4.3 WIE KWALIFISEER

Individuele grondeienaars, maatskappye, vennootskappe, geslote korporasies en trusts kwalifiseer in die deelname van die skema onderhewig aan die volgende voorwaardes:

- Alle grondgebruikers (boere), hetsy voltyds, deeltyds of kommunaal in die gebied waar die rampdroogte verklaar is, kan aansoek doen. Hulp sal slegs verleen word aan grondgebruikers wie se eenhede, volgens die oordeel van die Minister, werklik as boerderyondernemings gevestig is en bedryf word. Die aantal GVE mag GEENSINS verhoog word tydens die duur van die droogtehulp skema nie.

- Waar 'n aansoek namens 'n maatskappy/vennootskap/beslote korporasie/trust ingedien word, moet 'n bewys dat die persoon wat die aansoek onderteken behoorlik daartoe gemagtig is, die eerste aansoek vergesel. 'n Uittreksel uit 'n notule van die vergadering waartydens die persoon gemagtig is, is aanvaarbaar. Hierby aangeheg is ook 'n SPESIALE PROKURASIE vorm (bladsy 20) vir die doel.
- **Waar meer as een (1) eiendom(me) en/of persoon(e) verbind word met 'n maatskappy/ vennootskap /beslote korporasie/ trust, ens. sal slegs een (1) subsidie toegeken word aan al die betrokke eiendomme en/of persone.** ID-nommers van alle betrokkenes per boerdery eenheid(e) moet ingelewer word. **Afskrifte word vereis.**
- Huurders van plase in die gelyste droogtegebied sal tesame met eerste aansoeke 'n **regsgeldige huurkontrak** moet indien ten opsigte van eiendom(me) wat gehuur word en wat onder die droogtehulpskema ingeskryf word. **Die huurtermyn moet ten minste vir een (1) jaar vanaf datum van deelname geldig wees.**
- **Kommunale grondeienaars moet** by die Plaaslike Munisipaliteit of by die verantwoordelike Beheerliggaam **geregistreer wees.** Registrasie bewys van die veegetalle moet met eerste aansoek ingedien word en maandeliks daarna, tot die droogte hulpskema afgehandel is.
- Wanneer 'n aansoek namens grondeienaars/ gemeenskappe/ vennootskappe/ private korporasies en trusts geneem word moet die eerste aansoek 'n bewys insluit dat die ondertekenaar ten volle gemagtig is. 'n Uittreksel uit die notule van die vergadering word ook aanvaar. Sien aangeheg (Spesiale Prokurasie)
- Sou daar **droë lande en/of besproeiings lande** op die eiendom(me) voorkom moet aangedui word hoeveel Ha en watter tipe gewasse verbou word.
- **Plase in ander provinsies se besonderhede moet ook voorsien word.**

5. BEREKEKING VAN VEE EENHEDE

Vee-inventarisse moet maandeliks noukeurig gemonitor word en by die maandelikse eisvorm aangeheg word. **GEEN wysiging kan na indiening aangebring word nie**.

Die huidige telwyse, soos voorgeskryf ingevolge die Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne (Wet Nommer 43 van 1983), word toegepas.

5.1 BEREKENING VAN GVE

In die geval van kruisrasse moet aansoekers duidelik die rasse wat gekruis is op die vee-inventaris spesifiseer (sien seksie 5). Die omrekening tot GVE word as volg gemaak:

In die geval van beeste:

NAGESLAG KLASSIFIKASIE	KRUISING
Grootraam dier	Van 'n grootraam met 'n mediumraam dier
Mediumraam dier	Van 'n mediumraam met 'n kleinraam dier
Mediumraam dier	Van 'n grootraam met 'n kleinraam dier

5.2 BEREKENING KVE

In die geval van kleinvee, word die grootste omrekeningsfaktor gebruik. Bv. die kruising van 'n Dorper met 'n Merino beteken die Dorper omrekeningsfaktor word vir die nageslag gebruik.
Let wel: Volstruise, perde, ponies, donkies, wild, varke, hoenders en melk-koeie kwalifiseer nie vir enige finansiële hulp onder hierdie droogte hulpskema nie.
In alle gevalle, ook by nie-kruisrasse, moet die ras aangedui word op die maandelikse vee-inventaris.

SKEDULE 1.1: GROOTVEE-EKWIVALENTE (GVE/DIER) VAN WEIDENDE BEESRASSE						
	GUERNSEY/ JERSEY/ DEXTER	AYRSHIRE/ MELKKORT-HORING	FRIESLAND	LIGTERAAM VLEISRASSE	MEDIUMRAAM VLEISRASSE	GROOTRAAM VLEISRASSE
Kalf (Ongespeen tot 7 maande)	0.32	0.34	0.50	0.32	0.34	0.50
Jong diere (7 maande en ouer)	0.44	0.53	0.64	0.44	0.53	0.64
Koei / Vers (2-tand en ouer)	0.96	1.10	1.49	1.10	1.21	1.32
Os (18 maande en ouer)	0.75	0.90	1.09	0.75	0.90	1.09
Os (3 jaar en ouer)	1.10	1.22	1.33	1.10	1.22	1.33
Bul (3 jaar en ouer)	1.36	1.38	1.63	1.36	1.38	1.63
				LIGTERAAM	**MEDIUMRAAM**	**GROOTRAAM**
				ABERDEEN ANGUS **AFRIKANER** **GALLOWAY** **HEREFORD** **NOORD DEVON VLEIS** **KORTHORING** **TULI** **NGUNI**	**BONSMARA** **BRAHMAN** **DRAKENSBERGER** **PINZGAUER** **ROOI POENSKOP** **SUSSEX** **SANTA GERTRUIDIS** ***(Kan ook grootraam wees)*** **RED POLL** **BEEF MASTER** **TOURICUS** **BRANGUS**	**CHAROLAIS** **SIMMENTALER** **SUID DEVON** **BRUIN SWITSER** **LIMOISINE** **BOSVELDER** **SIMERA**

SKEDULE 1.2: GVE-EKWIVALENTE (GVE/DIER) VAN WEIDENDE KLEINVEE						
	WOLSKAPE	VLEISSKAPE	DUBBELDOEL-RASSE	KARAKOEL/ VETSTERT OF VETSTUIT TIPES	ANGORA BOK	BOKKE
Lam (Ongespeen tot 4 maande)	0.05	0.08	0.08	0.07	0.04	0.08
Speenlammers (4 maande en ouer)	0.10	0.11	0.12	0.11	0.06	0.12
Ooi (2-tand en ouer)	0.14	0.15	0.17	0.15	0.11	0.17
Hamel (2-tand en ouer)	0.15	0.16	0.17	0.16	-	-
Kapater (2-tand en ouer)	-	-	-	-	0.14	0.17
Ram (2-tand en ouer)	0.19	0.23	0.25	0.20	0.15	0.22

	WOLSKAPE	VLEISSKAPE	DUBBELDOEL	VETSTERT		BOKKE
	RAMANOFF MERINO DOHNE MERINO LETELLE WALRICH MERINO AFRINO	DORPER	S.A.VLEISMERINO DORMER DORSET HORN CORRIEDALE BRITSE RASSE Land Sheep VAN DOR ROMNEY MARCH ILE DE FRANCE SUFFOLK BORDER LEICESTER	VAN ROOI AFRIKANER PERSIES NAMAQUA DAMARAS		BOERBOK ALPYNSE MELKBOK TOGGENBURG SAANEN SWITSERS

SKEDULE 1.3: GROOTVEE-EKWIVALENTE (GVE/DIER) VAN ANDER WEIDENDE GROOTVEE

	Shetland ponie	Groter ponies en donkies	Ligte perde en muile	Medium trekperde	Swaar trekperde
Vul (ongespeen)	0.15	0.23	0.33	0.45	0.52
Jong dier	0.26	0.45	0.67	0.86	1.06
Merrie	0.40	0.66	0.94	1.20	1.51
Hings of reun	0.42	0.70	1.03	1.32	1.60

SKEDULE 1.4: GROOTVEE-EKWIVALENT VAN WILD

	GVE/Dier		GVE/Dier		GVE/Dier
1. Olifant		7. Waterbok		13. Rooibok/Impala	
Kalf ongespeen	1.00	Lam ongespeen	0.11	Lam ongespeen	0.05
Jong olifant tot 5 jaar	1.13	Jong waterbok/Young waterbuck	0.20	Jong rooibok	0.08
Koei	3.80	Ooi volwasse/Ewe mature	0.37	Ooi volwasse	0.14
Bul	4.13	Ram volwasse/Ram mature	0.50	Ram volwasse	0.16
2. Kameelperd		8. Baster Gemsbok/Baster Swartwilpens/Blou Wildebees/Gemsbok		14. Springbok	
Kalf ongespeen	0.37			Lam ongespeen	0.03
Jong kameelperd	0.77	Kalf ongespeen/	0.10	Jong springbok	0.04
Koei volwasse	1.48	Jong wildebees/gemsbok	0.21	Ooi volwasse	0.09
Bul volwasse	1.68	Koei volwasse	0.40	Ram volwasse	0.10
		Bul volwasse	0.48		

SKEDULE 1.4: GROOTVEE-EKWIVALENT VAN WILD *(vervolg)*				**SKEDULE 1.5: GROOTVEE-EKWIVALENTE VAN VOLSTRUISE**	
3. Eland		9. Swartwildebees			
Kalf ongespeen	0.28	Kalf ongespeen	0.07		
Jong eland	0.52	Jong swartwildebees	0.17		GVE/Dier
Koei volwasse	1.01	Koei volwasse	0.29	15. Volstruis	LSU/Animal
Bul volwasse	1.28	Bul volwasse	0.34	Kuiken	0.12
4. Buffel		10. Basterhartebees/Tsessebe/Njala/Rooihartbees		Jong voël	0.26
Kalf ongespeen	0.29	Kalf ongespeen	0.07	Volwasse voël	0.38
Jong buffel	0.42	Jong basterhartbeesl	0.16	16. Swart Renoster	
Koei volwasse	1.06	Koei volwasse	0.28	Ongespeen	1.60
Bul volwasse	1.20	Bul volwasse	0.33	Koei	1.70
5. Sebra/Zebra/Kwagga		11. Blesbok /Bontebok		Bul	1.60
Vul ongespeen	0.16	Lam ongespeen	0.05	16. Wit Renoster	
Jong sebra	0.33	Jong blesbok	0.10	Ongespeen	2.50
Merrie volwasse	0.65	Ooi volwasse	0.21	Koei	2.50
Hings volwasse	0.72	Ram volwasse	0.20	Bul	3.20
6. Koedoe		12. Vlakvark			
Kalf ongespeen	0.13	Varkie ongespeen	0.08		
Jong koedoe	0.21	Jong vlakvark	0.08		
Koei volwasse/	0.37	Sog volwasse	0.20		
Bul volwasse	0.56	Beer volwasse	0.25		

AFDELING C: SKADEBEPALING VAN VLOEDE EN ANDER

Verwysings:

1) Damme of keerwalle geregistreer in terme van Dam Veiligheidsregulasies onder die Nasionale Water Wet, 1998 (Wet No. 43 van 1983).
2) Damme en gronddamme vir die opgaring van water vir landbou doeleindes (besproeiing en veesuipings ingesluit) afhanklik van afloop water met inhoudsmaat van 10 000 kubieke meter (m^3 of waar die waterarea meer as 1 hektaar beslaan, moet in besit wees van 'n geldige permit of toestemming van Departement van Waterwese en Sanitasie (DWS)).
3) Kleiner damme en opgaardamme moet geregistreer wees op DWS se WAMS databasis.
4) Kontoere, waterweë, kanale en waterslote wat opgerig is in terme van die Bewaring van Landbou Hulpbronne Wet (Wet No. 43 van 1983).
5) Oprigting van grondbeskermingswerke om skade te verhoed of om verdere verliese te beperk t.o.v. bewerkte- of weidingslande.

Kategorie:

1) Skade nog nie herstel nie.
2) Bediening van infrastruktuur vir meer as een plaas/ eienaar, plaaswerkers en/of gemeenskap.
3) Lewer bydrae tot werkskepping t.o.v. projekte/ plase vir plaaslike gemeenskap(pe).
4) Plase met meer as 1 (een) infrastruktuur skade.
5) Is dit 'n regering ondersteunde projek(te)/ plase
6) Reeds verbeterde of herstelde werk(e). (Indien skade herstel is, maar nie voldoen aan norme en standaarde nie kan verwag word dat werke herkonstrueer moet word.)

Uitsluitings:

1) Geen hulp vir skades / verliese op plase wat nie funksioneel of in produksie was ten tye van/ onmiddelik voor ramp nie.
2) Damme nie in gebruik vir besproeiing of veesuipings nie.
3) Onherstelbare skade.
4) Infrastruktuur wat kwesbaar is vir vloede of ander rampe (bv. Waar die grond bewerk word in die 10-jaar vloedlyn).
5) Onwettige water ontrekkings, damme, en keerwalle wat nie geregistreer is nie, sal ook nie oorweeg word nie.

LandCare Verwysingsno : _____

For Office Use Only

Verslag Nr : _____

AFDELING D: PERSOONLIKE BESONDERHEDE

Aansoeker			
ID nommer			
Voorsie, besonderhede hieronder indien aansoeker nie geregistreerde eienaar is nie			
ID-no(s) en/of registrasie verwysing(s)			
Volle naam en van			
Aansoeker se Besonderhede			
SARS no. (Persoonlike belastingsno)		BTW no.	
CSD registrasie no. *(Slegs as fondse aan u uitbetaal word)*		Taal voorkeur	
Adres en poskode		Tel (1) Tel (2)	
Selfoon		Tel (3)	
E-pos			
Gender		Opvoed-kundige kwalifikasie	
Plaas naam			
Bekend as (Nie akte beskrywing)			

Transportakte nommer(s) (vereiste)	Geregistreerde volledige beskrywing van eiendomme (Nommer na beskrywing is uiters belangrik)	Distrik	Oppervlakte (tot 4 desimale)	Weidings-kapasiteit
T				
T				

T				
T				

Heg asb 'n afskrif van die nodige gedeeltes van die transportakte(s) met die beskrywing van die plaas(e) aan. Dui aan die oppervlakte(s) en gewas(se) van droë – en besproeiings landerye soos verbou gedurende goeie jare/ omstandighede. Hierdie inligting is verpligtend.

Distriks munisipaliteit		Plaaslike munisipaliteit	
Dorp			
Breedtegraad	-3__._____ (waar beskikbaar en van die plaas opstal)	Lengtegraad	2 __ ._____

DWS Registrasie no.(Dam):	VERWYSING SNOMMER	DAM NAAM	Dam Registrasie nommer	
	A			
	B			
	C			
	D			
	E			
Soort grondeienaar	Groot	Medium	Klein	Ook Werknemer van:
Milk Produsent			Milk Produsent no.	

REG NO

DEPARTEMENT VAN LANDBOU

GETAL DIERE OP PLAASEENHEID

MND

Ek die ondergetekende grondgebruiker van die plaaseenheid _____ distrik _____

verklaar hiermee dat die getal diere op die plaaseenheid aangehou word, ongeag aan wie hulle ookal mag behoort, soos volg saamgestel is:

BEESTE

Melkbeeste, Ras:…….	Weidings-kapasiteit faktor	Getal op veldweiding	Getal op weidings
Kalf, ongespeen			
Jong diere, 7 mnde+			
Koei/Vers, 2 tand+			
Os, 18 mnde+			
Os, 3 jaar+			
Bul, 3 jaar+			

Vleisbeeste, Ras:			
Kalf, ongespeen			
Jong diere, 7 mnde+			
Koei/Vers, 2 tand+			
Os, 18 mnde+			
Os, 3 jaar+			
Bul, 3 jaar+			

Ander soort Beesras:			
Kalf, ongespeen			
Jong diere, 7 mnde+			
Koei/Vers, 2 tand+			
Os, 18 mnde+			
Os, 3 jaar+			
Bul, 3 jaar+			

KLEINVEE

Skape, Ras:			
Lam, ongespeen			
Speenlammers, 4 mnde+			
Ooi, 2 tand+			
Hamel, 2 tand +			
Ram, 2 tand+			

Skape, Ras:			
Lam, ongespeen			
Speenlammers, 4 mnde+			
Ooi, 2 tand+			
Hamel, 2 tand +			
Ram, 2 tand+			

KLEINVEE

Bokke, Ras:……	Weidings-kapasiteit faktor	Getal op veld weiding	Getal op weidings
Lam, ongespeen			
Speenlammers, 4 mnde+			
Ooi, 2 tand+			
Kapater, 2 tand +			
Ram, 2 tand+			

KLEINVEE

Bokke, Ras:			
Lam, ongespeen			
Speenlammers, 4 mnde+			
Ooi, 2 tand+			
Kapater, 2 tand +			
Ram, 2 tand+			

PERDE, MUILE, DONKIES EN PONIES

Soort:			
Vul, ongespeen			
Jong dier			
Merrie			
Hings of Reun			

VOLSTRUISE

Kuiken			
Jong volstruis			
Volwasse volstruis			

WILD

Soort:			
Kalf/Lam/varkie			
Jong dier			
Koei/Ooi/Sog			
Bul/Ram/Beer			

Soort:			
Kalf/Lam/varkie			
Jong dier			
Koei/Ooi/Sog			
Bul/Ram/Beer			

Datum _____ Handtekening van verklaarder _____

SLEGS VIR KANTOOR GEBRUIK

Omrekening: Diere op veldweiding _____ Diere op res van die plaaseenheid _____

Omreken deur _____ Nagesien deur _____

Die Departement van Landbou behou die reg om op enige tyd die inligting te verifieër.

SKADEBEPALING

B2. IMPAK OP INKOMSTE

1.1) Verwagte Gewas Inkomste *VOOR die skade* (Verwys na die inkomste verwag indien die insident nie plaasgevind het nie)

Produk Tipe	Grootte of Area geplant	Opbrengs in tonne	Verwagte Waarde

1.2) Werklike en Verwagte Gewas Inkomste *NA die skade*

Produk Tipe	Grootte of Area geplant	Opbrengs in tonne	Verwagte Waarde

B3. VERLIESE AAN LEWENDEHAWE

Getal lewende hawe verlies en waarde						
BEESTE	**Bulle**	**Waarde**	**Koeie**	**Waarde**	**Kalwers**	**Waarde**
Aanvanklike aantal in kudde		**R** elk		**R** elk		**R** elk
Aantal verloor		**R** elk		**R** elk		**R** elk
SKAPE	**Ramme**	**Waarde**	**Ooie**	**Waarde**	**Lammers**	**Waarde**
Aanvanklik aantal in kudde		**R** elk		**R** elk		**R** elk
Aantal verloor		**R** elk		**R** elk		**R** elk
BOKKE	**Ramme**	**Waarde**	**Ooie**	**Waarde**	**Lammers**	**Waarde**
Aanvanklike aantal in kudde		**R** elk		**R** elk		**R** elk
Aantal verloor		**R** elk		**R** elk		**R** elk
Ander						

TOTALE VERLIES **R** _____

B4. WERKSVERLIESE

3.1 Arbeid benodig *VOOR die droogte*

Tipe Arbeid	Geslag		Vergoeding per persoon per maand		Persone woonagtig by die huis	Persone wat werksaam is/salarisse verdien: hoeveelheid	Totale maandelikse inkomste van die gesin	Bydrae vd invididu tot die totale huishoudelike inkomste
	Manlik	Vroulik	……..@ R per maand (Manlik)	……..@ R per maand (Vroulik)				
Permanent								
Deeltyds/ Seisononaal								

3.2 Arbeid benodig *NA die droogte*

Tipe Arbeid	Geslag		Vergoeding per persoon per maand		Persone woonagtig by die huis	Persone wat werksaam is/salarisse verdien: hoeveelheid	Totale maandelikse inkomste van die gesin	Bydrae vd invididu tot die totale huishoudelike inkomste
	Manlik	Vroulik	……..@ R per maand (Manlik)	……..@ R per maand (Vroulik)				
Permanent								
Deeltyds/ Seisonaal								

Is daar'n merkbare afname in die hoeveelheid arbeid wat u na die droogte kan bekostig:	JA	NEE

C1. TIPE SKADE

Tipe skade	Hoeveelheid (ha /m /m3 /m2 ens.)	Beraamde herstel koste (R)	GPS Ko-ördinate (Van ligging van spesifieke skade.)	Is die skade aangemeld in vorige opname?	Verwysing (A; B; C; D; E)	Kategorie/ë (1; 2; 3; 4; 5; 6)	Kwalifiseer hierdie skade inagenome bostaande uitsluitings.	Versekering
Voorbeeld: Besproeiingsdam, gebroke, weggespoel, oorloop beskadig. / 50% Mielies verliese (20% van bogrond weggespoel in plekke); Rivierbeskermingswerk (Lengte rivier oewer verspoel in meter); Ander infrastruktuur			***33 ̊44'20.24" S 23 ̊10'29.34"O***	**JA / NEE**	**(Sien bladsy 4)**	**(Sien bladsy 4)**	**JA / NEE**	**JA / NEE**

BANK ENTITY FORM

1. DETAILS OF INDIVIDUAL/COMPANY/TRUST	
Full name	
ID number	
Company Reg Number	
VAT Number	
Postal Address	
Postal Code	
Physical Address	
Postal Code	

2. BANKING DETAILS	
Name of Bank	
Name of Branch	
Branch Code	
Account Number	
Type of Account	

3. CONFIRMATION OF BANK

We hereby confirm that the bank details under paragraph 2 of this form belongs to the individual/company/trust under paragraph 1.

Date stamp of Bank	BANK OFFICIAL
	Print name:
	Signature:

SUPPLIER REGISTRATION FORM

1. GENERAL DETAILS *(Please print clearly)*

Registered Company Name	
Trading Name	
Company Reg Number	
VAT Number	
Postal Address	
Postal Code	
Physical Address	
Postal Code	

2. CONTACT DETAILS

Representative Name	
Telephone Number	
Fax Number	
Cell Phone Number	
E-mail Address	
Website Address	

3. OTHER DETAILS

Main Business Type (Please tick)

	Tools & Equipment (hardware)		Consultants & Professionals
	Earthmoving & Heavy Machinery		Accommodation & Transport
	Seed, Fertiliser & Chemicals		Irrigation & Water Services
	Construction Services		Livestock & Animal Production
	Vehicles & Implements		Repairs & Maintenance
	Municipal & Bulk Service		Other Production Inputs
	Training & Mentorship		Other (specify)

Specific Business Type	

Please attach BEE and Central Supplier Database for Government(CSD) registration details

ID-no. : _____

VOLTOOIDE OPNAME VIR RAMP HULPSKEMA

Sessie vir Betaling van Bystand

Ek/Ons, die ondergetekende(s) _____

die geregistreerde eienaar(s) / vruggebruiker van die plaaseenheid

_____

meer volledig beskryf as _____

_____

gehou onder Transportakte no. _____

sedeer hiermee my/ons reg tot enige subsidie wat my/ons mag toekom ten opsigte van

werke nos. _____

aan _____

Volledige posadres _____ Poskode _____

en versoek dat die subsidie aan die sessionaris oorbetaal mag word.

Geteken te _____ hierdie _____ dag van _____

In die teenwoordigheid van die ondergetekende getuies:

GETUIES		EIENAAR	
1.	……..…….…..……..	1.	……..……..……
2.	……..…….…….……..	2.	……..…..……

ID-no. : _____

SPESIALE PROKURASIE OM AANSOEK TE DOEN VIR DEELNAME AAN DIE VLOEDHULPSKEMA

*Ek/Ons, die ondergetekende(s)*_____

Die geregistreerde eienaar(s) / vruggebruiker van die plaaseenheid _____

meer volledig beskryf as _____

_____

gehou onder Transportakte no. _____

nomineer en stel hiermee aan _____

met mag van substitusie om my / ons wettige prokureur en agent te wees, in my / ons naam(e), plek en stede te verskyn waar nodig om namens my / ons —

(a) aansoek te doen om deelname aan die Vloedhulpskema onderhewig aan die bepalings wat van tyd tot tyd op die skema van toepassing mag wees:

(b) enige stukke te onderteken wat in verband met die skema nodig is; en

(c) in die algemeen, ten einde bogemelde handelinge te verrig, te doen of te laat doen wat nodig is net so volmaak en doeltreffend asof ek / ons self teenwoordig was en hierin gehandel het en bekragtig hierby alles wat gemelde persoon kragtens hierdie Akte wettiglik doen of laat doen.

Handtekening

……

Geteken te …… *op hierdie* …… *dag van* …… *20* …..

In die teenwoordigheid van die ondergetekende getuies:

	GETUIES		*EIENAAR*
1.	……	1.	……
2.	……	2.	……

ID-no. : _____

VERTROULIK

VERKLARING:

Ek die ondergetekende, verklaar hiermee ter bevestiging dat alle inligting na die beste van my wete en oortuiging waar en juis is. Ek is vertroud met die inhoud van my skade opname vorm.

_____ _____

Handtekening van gemagtigde aansoeker Datum

_____

Plek

Let asseblief daarop:

1. Indien fondse aan u uitbetaal gaan word, moet u geregistreer wees op die "Central Supplier Database for Government"(CSD);
2. Die 'Bank Entity Form'; en
3. Die 'Supplier Registration Form'
MOET slegs voltooi word indien u as 'n verskaffer of karweier van voer wil registreer of as fondse aan u uitbetaal gaan word.

KONTROLELYS VIR DIE DROOGTE OPNAME VORM

KONTROLEER	VERPLIGTE DOKUMENTASIE
	Afskrif van **Identiteitsdokument (ID).**
	Afskrif van 'n dokument wat u **Inkomstebelastingwet** nommer vertoon.
	"Central Supplier Database for Government" (**CSD**) nommer aangeheg.
	Afskrif van 'n **uittreksel uit minute van die vergadering of 'n brief gee volle magtiging** moet jy 'n maatskappy, trust of beslote korporasie verteenwoordig (waar relevant).
	Afskrif van 'n lys van die **vennote / aandeelhouers / name van trustees / identiteitsnommers en die datum van geboorte** (waar relevant)**.**
	Afskrif van die **betrokke** artikel (s) van die akte(s) met die beskrywing van die plaas(e) (waar relevant).
	Behou asseblief 'n afskrif van die **voltooide vorm** vir u eie persoonlike rekord.
	Addisionele bladsy(e) bygevoeg: ☐ JA ☐ NEE Indien ja, nommer van die laaste bladsy:
	Dui asseblief aan of daar enige uitstaande dokumente is: _____ _____ Wanneer kan ons verwag dat dit afgelewer word_____.

For use by WCDoA officials:

Received by: ---------- Office: ---------- Date: ----------

Captured on database	Information verified
By:	By:
Date	Date